Cederberg Covid-19 Nuus

Volume 1, Uitgawe 1

2. BOODSKAP VAN DIE BURGEMEESTER SYLVIA QUNTA:

As Uitvoerende Burgemeester is dit my voorreg om met u te kommunikeer via ons eerste amptelike Cederberg Covid -19 Theta uitgawe.

As Burgemeester wil ek `n beroep doen op alle inwoners om hande te vat en saam met die munisipaliteit te werk om ons mense se lewens te verbeter. Sedert ons die Munisipale Raad in November 2019 oorgeneem het was ons gekonfronteer met verskeie krisisse en uitdagings. Een daarvan was dat die munisipaliteit in `n finansiële krisis was en moes ons dringende planne maak.

Ons het het intussen `n Waarnemende Hoof Finansiële Beampte aangestel wat onverpoos werk om die finansiële posisie te verbeter. Daar is egter nog baie uitdagings wat ons in die gesig staar, maar ons as Administrasie en Raad sal dit met u hulp aanspreek.

Ons wil graag ons gemeenskapslede aanmoedig om waar moontlik direk met die munisipaliteit , hul wyksraadslede of wykskomitees in kontak kom, om hul ongelukkigheid of klagtes aanhandig te maak.

Ek wil elke inwoner van die Cederberg area `n geseënde Kersfees en Voorspoedige feesseisoen toe wens. Kersfees is `n tyd vir liefde, omgee en vrede. Kom ons gaan hierdie feesseisoen in wetende dat Covid-19 nogsteeds met ons is en al hoe meer geliefdes affekteer en aan die dood af staan. Kom ons wees veilig en beskerm mekaar deur as familie aan mekaar te kyk.

Kom ons wees veilig en versigtig deur maskers te dra, hande te saniteer en sosiale afstand te handhaaf!

HIERDIE UITGAWE

1 Boodskap van Burgemeester

2 Uit die Kantoor van die Munisipale Bestuurder

3 Uit Die Kantoor Van Die Cederberg Munispale Leierskap: Covid-19 (22 Desember 2020)

Vir enige verdere navrae of insette kontak Anthony V Mlata, Munisipale Kommunikasie Bestuurder op 063 7887 235 anthonym@cederbergraad.co.za of Munisipale Bestuurder 027 482 82008; brianb@cederbergmun.gov.za

1. UIT DIE KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER:

HENRY SLIMMERT

As Munisipale Bestuurder het ons die noodsaaklikheid gesien om `n spreekbuis en manier te vind om direk met die inwoners van Cederberg te kommunikeer. Ons het dus ons eie nuusbrief Cederberg Theta begin om feitelik met u te kommunikeer en u ook die geleentheid te gun om met ons te gesels.

Ek wil die administrasie bedank vir die wyse waarop hulle die munisipaliteit die afgelope jaar gefokus bly hou het op dienslewering. Ons sien daarna uit om in 2021 voort te bou op die wat ons begin het in hierdie jaar.

Dit is ook verblydend dat ekonomiese aktiwiteite in ons streek weer aan die toeneem is, en dat ons toerisme-industrie ook weer ‘n oplewing beleef het oor die afgelope maand. Ons damvlakke lyk goed en omgewing daarbuite lyk pragtig.

Dit wil egter voorkom asof ons gemeenskappe hul waaksaamheid ten opsigte Covid-19 ietwat verslap het en dat almal nie meer, soos in die verlede, getrou hul maskers dra en hande saniteer nie. Ek wil ons gemeenskappe vriendelik dog ernstig versoek om die nodige dissipline ten opsigte van sanitasie te handhaaf sodat ‘n tweede vlaag van Covid-19 nie moet opvlam nie. Ek wil ook al ons besighede versoek om dieselfde dissipline te handhaaf deur die nodige maatreëls in te stel om u werknemers se veiligheid te verseker.

Die afgelope Oktober-November het munisipale werkers die strate van al ons dorpe ingevaar met besems, harke en grawe om ons strate weer behoorlik skoon te maak, en ek is vol vertroue dat ons in die komende weke ook verdere vooruitgang sal maak om al ons dorpe skoon te maak. Ek glo en vertrou dat ons die samewerking en inkoop van ons breë publiek sal geniet, wie saam met die munisipaliteit sal hande vat om ons geliefde streek tot hoër hoogtes te neem.

UIT DIE KANTOOR VAN DIE CEDERBERG MUNISPALE LEIERSKAP: COVID-19
(22 DESEMBER 2020)

Covid-19 het die landskap van ons bestaan as die mensdom onomkeerbaar verander. Hierdie pandemie het meer as een miljoen lewens geneem, miljoene in hospitale en families verskeur, ons ekonomie verpletter. In die Cederberg area kan ons getuig van 10 families wat lede aan die dood afgestaan het en honderde werkloos gelaat. Ons het die afgelope paar weke gesien hoe daar `n skielike styging in statestieke in Citrusdal, Clanwilliam, Graafwater en Lambertsbaai is.

As Munisipale Bestuurder en Uitvoerende Burgemeester wil ons graag al ons inwoners versoek om asseblief meer versigtig te wees en te voldoen aan die volgende protokole

4. BOODSKAP AAN DIE PUBLIEK:

- Dra ten alle tye lapmaskers en maak seker dat u kinders ook wanneer u die huis verlaat. Maak seker u was die lapmasker elke dag met seep en water.
- Saniteer of was u hande gereeld vir 20 sekondes.
- Moenie onnodig by bure, vriende of familie gaan kuier nie.
- Indien u griep simptome (kopseer, geen reuk of smaak, liggaamspyn, naarheid, rooi oë ens) vir langer as 5 dae toon gaan liefs na die kliniek of dokter.
- Maak seker wanneer u vir die feesseisoen inkopies doen om ten alle tye 1,5 tot 2 meter distansieer.
- Indien u tuis kom, was alle goedere met sterk jik water af voordat u dit wegpak of gebruik.
- Vermy plekke waar groot groepe mense saamdrom.
- Moenie onnodiglik partytjies hou oor die feestyd nie.
- Maak seker u dra `n masker wanneer u van publieke vervoer gebruik maak.
- Maak seker dat u alle moontlike maatreëls in plek het wanneer u begrafnisse hou of bywoon. Geen etes mag na begrafnisse bedien word nie.
- Geen persoon mag na 23h00-04h00 buite wees en kan deur die SAPD of Wetstoepassers beboet of gearresteer word.
- Kerkleiers word versoek om asseblief alle moontlike stappe in plek te het om te verseker dat daar slegs 50% van die kapasiteit van die gebou deur gemeentelede opgeneem word. Voltooing van registers, screening en sanitering is nogsteeds verpligtend. U word ook versoek om tydens Kersdag en Nuwe Jaar dienste te versker dat slegs 50% van u gemeente binne die kerk gebou is.

BOODSKAP AAN WINKEL EIENAARS EN BESIGHEDE:
Alle winkel eienaars en besighede word hiermee herinner aan die Regulasies soos afgekondig in die Staatskoerant op 15 Desember 2020:

- Besigheid eienaars moet toesien dat daar by elke besigheid `n "Compliance Officer" aangewys word. Hierdie persoon/e se name en kontak besonderhede moet aan Mnr Johan Muller (Covid-19 Taakspan Koordineerder) by 064 814 1364 of johanm@cederbergraad.co.za gestuur word.
- Besigheid eienaars word verplig om toe te sien alle kliënte maskers dra wanneer hul besigheidspersele betree word. Indien u nie voldoen nie kan u groot boetes in die gesig staar. Maak ook seker dat alle kliënte se hande ten alle tye gesaniteer word met 70% sanitasie middel.
- Drank verkope sal slegs Maandae-Donderdae (10h00-16h00) wees
- Ons wil versoek om alles moontlik toe doen om `n veilige omgewing vir ons besoekers en inwoners te skep om die virus te beveg.
- Die SAPD en ons Wetstoepassers sal gereelde besoek by besig word. Waar daar gevind word dat u nie voldoen nie sal boetes uitgereik word soos voorgeskryf of u besigheid gesluit word.

SANITERING VAN DORP AREAS:
Ons munisipale amptenare sal elke Maandag en Donderdag alle oop areas, taxi ranks, plekke waar mense saamdrom in groot groepe saniteer om die verspreiding te voorkom. Hierdie sal vroeg oggend gedoen word vir almal se veiligheid.

As leierskap binne Cederberg moet ons alles moontlik doen om te verseker dat ons mense veilig hou. Die 2de golf van infeksie het daartoe gelei dat die Wes-Kaap meer as 3000 gevalle vir die afgelope twee dae aangetoon het. Hierdie plaas druk op ons hospitale en klinieke en hulprbronne. Kom help ons om die virus te stop deur minder rond te beweeg. Kom ons beskerm mekaar deur nie andere te infekteer nie. Die virus beweeg nie, ons beweeg die virus!

Kom ons geniet Kersfees as gesinne in kleiner groepe as gewoonlik. Wees veilig en versigtig tydens die feesseisoen!

Grap van die dag:

I Stepped on my scales this morning and it said: Please use social distancing – one person at a time.

(Bron: https://u3asites.org.uk/awake/page/104778)